Verwysing: 20170302-8784
13/7/1/2
Navrae: AB Jantjies

Assesseringsbestuursminuut: 0007/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal; Hoofdirekteure; Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore); Hoofonderwyskundiges; Bestuurders: Kurrikulumondersteuning; Kringbestuurders; Bestuurders: Strategiese Inligting, Beheer en Mensbestuur; Adjunk-hoofonderwyskundiges; Assesseringskoördineerders; Vakadviseurs en Hoofde van opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

Onderwerp: Graad 11-voorbeeldvraestelle en -voorbeeld- Praktiese Assesseringstake (PAT's) vir 2017: Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)

1. Graad 11-voorbeeldvraestelle en -voorbeeld- Praktiese Assesseringstake (PAT's) is vir tegnologievakke deur die Departement van Basiese Onderwys (DBO) opgestel.

2. Tegnologievakke wat voorbeeldvraestelle en voorbeeld-PAT's insluit is:
   - Siviele Tegnologie
   - Meganiese Tegnologie
   - Elektriese Tegnologie
   - Tegniese Wetenskap

3. Die voorbeeldvraestelle en voorbeeld-PAT's bied 'n standaard aan skole wat onderwysers kan navolg in die ontwikkeling en administrasie van vraestelle en PAT's in hierdie vakke.

4. Die voorbeeldvraestelle en voorbeeld-PAT's moet aan die toepaslike vakonderwysers voorsien word sodat hulle hierdie dokumente mag gebruik om vir die implementering van hierdie assesserings gedurende 2017 te beplan.

5. Die voorbeeldvraestelle en voorbeeld-PAT's is op die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se webtuiste vir Verdere Onderwys en Opleidings- (VOO-) assessering, http://wcedcurriculum.westerncape.gov.za beskikbaar. Toegang tot die webwerf kan soos volg verkry word:

- Plaas die merker op “Assessment Management” en kliek op “FET Assessment”.
- Kliek op “Downloads” aan die linkerkant.
- Kliek op die "Grade 11 exemplar question papers and exemplar PATs" -lêer.

6. Ondersteuning van die toepaslike vakadviseurs sal deur die loop van die jaar gebied word.

7. Prinsipale en distriksamptenare word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle personeel, ouers en leerders te bring.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-03-20